

Wat is Wedergeboorte ?



Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie **weer gebore** word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. {GOD se vereiste vir die HEMEL.}

Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word **uit water** = Gr “ **EX HUDATOS KAI PNEUMATOS** ” en **Gees** nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. (UIT DIE WATER—EN UIT DIE GEES GEBORE)

Wedergeboorte !

Psalm 119:130

"Die opening van u woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig."

Daar is 'n radikale verskil tussen bekering en wedergeboorte. Bekering is iets wat u/ek self doen. As ek bv gerook het; sterk drank, dwelms en dagga gebruik het; gedobbel en lotto gespeel het; [**Jesaja 65:11** "Maar julle wat die Here verlaat, wat my heilige berg vergeet, **wat 'n tafel dek vir die gelugsgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot**" -]; gedans en "disco" toe gegaan het; gefliek het; gesteel, gevloek, gelaster, gelieg het, kwaadgepraat en geskinder het; gehoereer het, ower-spel gepleeg het of by fortuinvertellery betrokke was. [**Jes. 47:13** "Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red - **die wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal kom.**"]

Sonde volgens **Rom 1:18-30, Gal 5: 19-21, en 1 Kor 6:10, ens.** Dis wanneer ek besluit ek hou nou op en ek draai my rug op die sonde en doen dit nie meer nie. Dan hervorm ek my lewe. Dit is egter nie wedergeboorte nie, maar 'n omdraai na God toe. Om 'n 180° - draai te maak, om in die teenoorgestelde rigting te loop as wat jy gekom het. Dit is egter onmoontlik om 'n ontmoeting met die opgestane en verheerlikte Christus te hê en dieselfde te bly. **As jy Hom ontmoet het, verander jou rigting.** Jy praat anders, jy handel anders. Jy begin 'n nuwe rigting, 'n nuwe pad in dieselfde uur.

2Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

Heb 4:7 bepaal Hy weer 'n sekere dag, **naamlik vandag**, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: **Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.**

Psm 38:19 Ja, my ongeregtigheid bely ek, **ek is bekommerd oor my sonde.**

Jak 4:4 Egbrekers en egbreeksters (Geestelik), **weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.**

Rom 12:2 **En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, so dat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.**

1 Joh. 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is

nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

16 Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—**is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.**

17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, **maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.**

Pred 11:9 **Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.**

Pred 11:10 En weer verdriet uit jou hart, en hou die kwale weg van jou liggaam, want die jeug en die jonkheid is nietigheid.

2Tim 2:22 **Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede, saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep.**

Psm 119:9 Bet. Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? **Deur dit te hou na u woord.**

Tit 2:11 **Want die reddende genade van God het aan alle mense-verskyn**

Tit 2:12 en leer ons om die **goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede** te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,

Hand 17:30 **God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,**

Hand 17:31 omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.

Jer 23:22 **Maar as hulle in my raad gestaan het, moet hulle my volk my woorde laat hoor en hulle terugbring van hul verkeerde weg en van die boosheid van hul handeling.**

Jes 58:1 **Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding** en aan die huis van Jakob hulle sondes.

Jes 55:6 **Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.**

Die sonde moet geïdentifiseer word deur die predikers. Genade is duur gekoop deur die BLOED VAN JESUS. Genade kan dus nie losgemaak word van HEILIGMAKING NIE.

Vandag sê dwaalgeeste: glo en jy is gered, en dat die **doop nie red nie.**

DIE DOOP RED !!!

Mark 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

Tit 3:5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte = Onderdompelingsdoop Gr = Baptizo = “To dip repeatedly”, “dip under”, herhaaldelik indompel, onderdompel” en die vernuwing deur die Heilige Gees.
{ NIE DUSKANT, OF VOOR DIE BAD NIE }

1Pet 3:20 wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is;

1Pet 3:21 waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as ‘n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as ‘n bede tot God om ‘n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus

Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word “uit water en Gees nie,” Gr = {EX HUDATOS KAI PNEUMATOS} kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Die Christelike doop het sy “FONDASIE” met ander woorde, eers gekry toe Christus gesterwe, begrawe, en opgewek is. (Mat 27, die kruisiging.)

Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Die saligheidsplan van God vir die mens **bestaan uit ‘drie dae’ !!**

Dag een: Bekering; m.a.w. u moet sterf, dood wees vir die sonde, en wêreldsbegeerte soos reeds genoem

2Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; **die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.**

{Die eerste dag} U word dus gered as u, uself in die geloof vereenselwig met Christus se **dood** aan die kruis tot bekering van u sondes - u is dus dood vir die sondes. Om ‘n 180° - draai te maak, om in die teenoorgestelde rigting te loop as wat jy gekom het. Dit is egter onmoontlik om ‘n ontmoeting met die opgestane en verheerlikte Christus te hê en dieselfde te bly. **As jy Hom ontmoet het, verander jou rigting.** Jy praat anders, jy handel anders. Jy begin ‘n nuwe rigting, ‘n nuwe pad in dieselfde uur. Die DOOP VAN JESUS in die Jordaan rivier volgens **Matt. 3:13-17 & Luk. 3: 21-22** is simbolies van SY DOOD, BEGRAFNIS EN OPSTANDING. Dag een die **kruisiging** \ Dag twee was Hy in die **graf** \ Derde dag Sy **opstanding.**

Rom 6:1 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?

Rom 6:2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Dag twee: Begrawe word; (Vader, Seun, Heilige Gees.)

Rom. 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop [Gr = Baptizo = onderdompel] in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.

{ Nie op ‘n ander manier nie, u word deur die DOOP BEGRAWE }
‘n Afdaling in die water, ‘n totale insluiting deur die water en die opkom uit die water, is ‘n treffende afbeelding van te sterf, begrawe te wees en op te staan. Dit is wat die doop by wyse van indompeling vir ons afbeeld.

Kol 2:12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.

As u dus nie gedoop is nie, is u nog nie begrawe nie. En het nog nie saamgegroeï in die gelykvormigheid van Jesus se dood in die tweede dag in die graf nie. Die wedergeboorte lê dus in die opstanding vanuit die watergraf.

Dag drie: Staan op in ‘n nuwe lewe in Christus. **2 Kor. 5:17**

Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

(DIE SONDE WAT EK GEDOEN HET— DIT DOEN EK NOU NIE MEER)



Hoe bereik ek die opstanding ??

Fil 3:10 sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,
Fil 3:11 of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik.

1Pet 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die **wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode**, (Die Vader is dus die skenker, deur die opstanding van Jesus)

Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net **soos Christus uit die dode opgewek is** deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.

Rom. 6:5 Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelyk-vormigheid aan sy dood, { BEGRAWE word deur die DOOP ! } sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;

U moet dus met Hom saamgroeï deur die gelykvormigheid aan sy dood, om dus deel te kan hê aan die opstanding. {GEEN ANDER MANIER NIE}

Waar lê die wedergeboorte ???

1 Pet. 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode.

God is dus die skenker van die wedergeboorte, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Wedergeboorte lê dus in die opstanding, en nie in die kruis nie. 'n Kwalifikasie van onverganklikheid kan aan die wedergeboorte gegee word. Die trekke is onverganklik, dis onbesmet en onverwelklik omdat dit uit die opstanding is.

Kol. 2:20 As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge (Moet dood wees vir die wêreld, want vriend van die wêreld is vyand van God. **Jak 4:4**)

Kol 2:21 soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? —

Kol 2:22 almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan— volgens die gebooe en leringe van mense,

Kol 2:23 wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees.

Die wedergeboorte is 'n nuwe lewe, ná die opstanding.

2Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, **is hy ‘n nuwe skepsel;** die ou dinge het verbygegaan, **kyk, dit het alles nuut geword.**

Ek moet dus uit die opstanding gebore word, m.a.w. ‘n deelgenoot van die opstandingslewe. Soos reeds genoem, die wedergeboorte lê dus nie in die kruis by dag een nie. “ **maar wel op die derde dag**”

1 Kor. 15:14 **En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof;** Die mens moet hom veereenselwig met die opwekking van Jesus.

Openbaring 20:6 **Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding;** oor hulle het die tweede dood {Hel} geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Hy wat nie deel het aan die eerste opstanding nie, is dus nie weergebore nie.

Hosea 6:2 **Hy sal ons ná twee dae lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe.**

HALLELUJA!! Na twee dae, op die derde dag sal Hy ons lewendig maak. U kan NIE op die eerste dag lewendig word nie. Jesus het op die derde dag opgestaan. Die SKEPSEL kan die SKEPPER onmoontlik nie voor wees in die opstanding nie.

DIE EERSTE DAG TEORIE:

Die teorie dat daar lewe in die kruis is, is ‘n verkeerde gevolgtrekking. Die kruis het nie lewe bedien nie.

Gal. 3:13 **Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang—**

Die kruis het ‘n vloek bedien. Die vloek van God op die sonde. Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang. Die kruis het die dood bedien. Jesus het nie aan die kruis lewendig geword nie, dus kan u ook nie op die ‘eerste dag’ lewendig word nie. Geen lewe en heil aan die kruis nie. Die kruis het Christus doodgemaak.

ONS VERAG NIE DIE KRUIS NIE!

Kol. 2:14 **en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,**

Jes. 53:3 **Hy was verag** en deur die mense verlaat, ‘n man van smarte

en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.

Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; **die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom**, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

(a) Hy was verag, sodat ons geag kan word.

Psm 144:3 o HERE, wat is die mens dat U hom ken, **die mensekind dat U op hom ag gee?**

(b) Hy was verwerp, dat ons aangeneem kan word.

Joh. 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, **aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;**

(c) Dors het Hy gehad, maar hulle het Hom niks te drinke gegee nie. Vir ons gee Hy die water van die lewe wat opspring, 'n fontein van lewe.

Joh 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: **strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.**

(d) 'n Doringkroon is op Sy hoof gepers.

2 Tim 4: **Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.**

(e) Hy het vir ons gesterf, sodat ons kan lewe tot in ewigheid.

Joh 8:51 (b) as iemand MY woord bewaar, **sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie .**

Joh 5:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, **het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.**

Die eerste dag: U word dus gered as u, **uself in die geloof vereenselwig met Christus se dood aan die kruis tot bekering van u sondes. U is dus dood vir die sondes. Om 'n 180° - draai te maak, om in die teenoorgestelde rigting te loop as wat jy gekom het.** Dit is egter onmoontlik om 'n ontmoeting met die opgestane en verheerlikte Christus te hê en dieselfde te bly. **As jy Hom ontmoet het, verander jou rigting.** Jy praat anders, jy handel anders. Jy begin 'n nuwe rigting, 'n nuwe pad in dieselfde uur.

Die tweede dag: **met Sy begrafnis, deur u te laat doop deur onderdompeling en deurdat u, uself in die geloof vereenselwig met Christus se opstanding uit die graf. Daarom glo ons dat, net soos ons uit die watergraf**

opstaan, so staan ons in Christus op in 'n nuwe lewe waar die sonde, die dood en die duiwel geen houvas meer oor ons het nie. [Die derde dag]

DIE KRUISDOOD VAN JESUS CHRISTUS !

(1) Christus neem die vloek van die mens se sonde op Hom. Hy neem die skuld en blaam vir die mens se sonde op Hom. Om Sy eie Seun te gegee het om die mens se skuld op Hom te neem weerspieël die groot liefde van God. Dat Hy Sy lewe vir ons gegee het terwyl ons nog sondaars was, weerspieël ook die groot liefde in die hart van Jesus.

(2) God het die vloek van die sonde op Hom geplaas. Hiermee word bedoel dat God Hom gestraf het in ons plek asof Hyself die sonde gedoen het. God het Sy volle toorn oor sonde op Sy eie Seun, Jesus, uitgegiet. **Genade is dus nie goedkoop nie, dit is duur gekoop deur die kosbare bloed van Jesus Christus.** God kan aan ons genade bewys omdat Jesus Christus die prys betaal het. Genade kan dus nie losgemaak word van Heiligmaking nie.

1Pet 1:15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, **moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,**

1Pet 1:16 omdat daar geskrywe is: **Wees heilig, want Ek is heilig.**

Gal 3:13 Christus het ons losgekkoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang—

Heb 9:22 En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, **en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.**

Dit is dan die prys wat vir sonde betaal is, Christus se eie kosbare bloed. Hy het die toorn van God op Hom geneem sodat die mens van die vloek vry kan wees. God moes die sonde in Christus so straf dat Hy reg sou doen as Hy dit vergewe; daarom sê die skrif in **Rom 3:26**.... Sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is. Christus het die volle toorn van God op die kruishout van Golgota gedra, die volle vergelding van sonde wat die sondaar na reg moes dra. Omdat God dan sonde absoluut en volkome in Christus gestraf het, kan Hy regverdig wees as Hy diegene, wat in Christus glo, vergewe. Ons moet dus besef dat Jesus Christus die volle prys betaal het en dat God daarom regverdig is as Hy ons sondes vergewe.

(3) Christus het ook op die kruishout die tweede dood gesterwe. Ons moet onthou dat dood skeiding beteken. Hy is nie alleen van Sy liggaam geskei toe Hy gesterwe het nie, maar op die kruishout is Hy ook van God geskei toe God Hom sonde gemaak het, en Sy toorn op Hom uitgegiet het. Ons lees in **Mat 27:46** “ En omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot

stem geroep en gesê: Eli, Eli, Lama sabagtàni? Dit is: **My God, My God, waarom het U My verlaat?**” { Die vierde kruiswoord} Geen mens kan die onbeskryflike smart van die skeiding tussen God die Vader en die Seun beskryf nie. Die diepte van die smart en die ang en pyn van hierdie uitroep van Jesus sal net God die Vader waarlik ken. Geen mens se verstand kan dit begryp nie en geen mens se tong kan dit beskryf nie omdat Christus sonde gemaak is in ons plek.

2Kor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

Hy moes noodwendig die pad van die sondaar bewandel en die ketting reaksie van sonde ervaar. Daarom het Hy na die doderyk, die bewaarplek van die dode, gegaan. Op die aarde het Hy ons sonde in Sy liggaam op die kruishout gedra.

1Pet 2:24 wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genes is.

In die doderyk moes Hy die mens bevry van die mag van die dood, want Satan het die sleutels van die doderyk gehad en Jesus moes dit van hom afneem.

Heb 2:14 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, **sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel—**

Heb 3:8(B) ...Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn **om die werke van die duiwel te verbreek.**

Hy het nie alleen in die doderyk ingegaan as Seun van God nie, maar ook as seun van die mens, as die tweede mens, as die laaste Adam. Ook as Seun van die mens moes Hy die mag van die dood breek en as die eerste mens wat uit die dood opgestaan het. Vanweë die val van die mens het satan mag oor die gees van die mens en oor die doderyk gehad. Hierdie mag moes deur die mens Jesus verbreek word. In **Mat 12:40** sê Jesus aan die Fariseërs;

“ Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, **só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.** “

DIE TEKEN VAN JONA !!!

- (1) Die mens is ‘n sondaar soos Jona.
- (2) Die vis is ‘n tipe van Jesus Christus.
- (3) Die water waarin die vis drie dae lank rondgeswem het, is ‘n tipe van die onderdompelings doop.

Die sondaarmens is m.a.w. in Christus onder die water. Die vis van Jona was onder die water. Dit was nie die water wat Jona gered het nie, beslis nie! Dit was die vis, waarvan Christus die teëbeeld is. Die vis het egter water nodig gehad om in te kon swem. **Die water, 'n teëbeeld van die onderdompelings doop, het m.a.w. bygedra tot die redding van Jona.**

1Pet 3:20 wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het **in die dae van Noag**, onderwyl die ark gereed gemaak is, **waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is;**

1Pet 3:21 **waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red**, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus

Matt 12:40 Want soos **Jona** drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, **só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.**

{ Die doop is 'n integrale deel van die mens se redding. }

Efes 4:8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.

Efes 4:9 Maar dit: Hy het opgevaar—**wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?**

Efes 4:10 **Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.**

Psm 68:19 U het opgeklim na die hoogte, **U het gevangenes weggevoer**, U het geskenke geneem onder die mense; ja, ook wederstrewiges om daar te woon, o HERE God!

Mark. 16:16 **Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.**

Omdat die mens soos Jona in die vis moet wees [d.w.s. in Christus] onder die water, daarom laat hy hom doop. Indien Jona nie onder die water, in die vis was nie, sou hy nie uitgespuug kon word nie. Dan sou hy ook nie gered kon word van die dood nie. As die sondaarmens dus nie in Christus onder die water wil wees nie, [**Rom. 6:4**] kan Christus hom nie red nie.

Baie mense wil sommer van die kruis (**eerste dag /bekering**) af deurhardloop na die opstanding toe. (**derde dag**) Nee, u moet eers water toe **begrawe word. (tweede dag)** **Jesus was die tweede dag in die graf.** Ons beweer geensins dat die water jou sonde wegwas nie. Beslis nie !! Slegs die bloed van onse Here Jesus Christus kan dit doen !! Die doop is dus 'n begrafnis van die ou mens.

- (1) **Matt. 3:15(b)** **Die doop is; deel van ons geregtigheid.**
- (2) **Luk. 7:30(b)** Dit is *die raad van God* dat ons gedoop moet word.
- (3) **1 Pet. 3:21(b)** As 'n bede tot God om 'n *goeie gewete*.

Die drie “dae” waaroor die saligheidsplan strek, is ook die rede waarom die vis drie dae lank moes rondswem; en waarom ons driemaal onderdompel moet word en nie net eenmaal nie. Die drie onderdompelings, nl. Vader, Seun en Heilige Gees hou ook verband met Jesus se drie dae in die graf. **Matt. 28:19** **Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

Rom 6:5 leer baie duidelik dat as ons nie gelykvormig word aan Christus se dood nie, ons ook nie opgewek kan word nie. Dan het ons m.a.w. nie deel aan die eerste opstanding nie. {die watergraf}.

Openbaring 20: 6(a) **Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie,**

1Kor. 15:29 leer baie duidelik dat as 'n mens nie gedoop word nie, kan hy nie opgewek word nie.

VIER STAPPE VAN DIE WEDERGEBOORTE:

(1) **BEKERING: JY MOET JOU LEWE HERVORM!**

Mat 4:17 Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: **Bekeer julle,** want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Om 'n 180° - draai te maak om in die teenoorgestelde rigting te loop as wat jy gekom het. (Breek met sonde)

Psm 38:19(b) **Ek is bekommerd oor my sondes !!**

(2) **BELYDENIS VAN SONDES:**

1 Joh 1:9 As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Rom. 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,

(3) **GLO IN DIE BEGRAFNIS EN OPSTANDING VAN JESUS UIT DIE DOOD.**

(Rom.10:9) As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word.

(4) ONDERDOMPELINGS DOOP.

Mark 16:16 Hy wat glo en hom laat doop sal gered word.

Hand. 2:38 Bekeer julle en laat **elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, ...** Die DOOP VAN JESUS in die Jordaan rivier volgens **Matt. 3:13-17 & Luk. 3: 21-22** is simbolies van SY DOOD, BEGRAFNIS EN OPSTANDING.

AS U HIERDIE VIER STAPPE DEELAGTIG GEWORD HET, IS U WEER GEBORE !!!!

NIKODÉMUS !!

Joh. 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie **WEER GEBORE** word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

Vers 5: Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit **“WATER en GEES nie,”** (GR = EX HUDATOS KAI PNEUMATOS = WATER IN RIVIERE, FONTEINE ens) **kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.** ‘n Geboorte, volgens Jesus, nie net uit Gees nie, maar WATER en GEES. M.a.w. dat iemand tot bekering moet kom, in water onderdompel moet word, en ook die Heilige Gees deelagtig moet word.

Hand. 2:38 En Petrus sê vir hulle: **BEKEER julle, en laat elkeen van julle gedoop** word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die HEILIGE GEES ontvang.

DUS: Om gered te kan word, is ‘n geboorte nodig. ‘n Wedergeboorte uit WATER (HUDATOS) en GEES. Die WATER wys op die doop en die Gees op die Heilige Gees. **WATER en GEES spel WEDERGEBOORTE.**
{NIE NET GEES NIE !}

Die ONDERDOMPELINGS DOOP is die ENIGSTE DOOP.

Efes. 4:5 een Here, een geloof **EEN DOOP,**

Die Griekse woord vir doop is **“BAPTIZO”** wat beteken: “To dip repeatedly”, “dip under”, herhaaldelik indompel, ONDERDOMPEL. Die woord “BAPTIZO” word **sewe-en-sewentig (77)** keer in die Nuwe Testament gebruik.

Die Hebreuse woord vir ONDERDOMPEL is **“TABAL”** wat afgelei is van die Griekse woord **“Baptizo”**. **In 2 Kon. 5,** waar Naäman sewe maal in die Jordaan moes induik.

Die Griekse woord vir **BESPRINKELING** is **“RANTIZO”** en kom net vier

keer in die Nuwe Testament voor. Naamlik: Heb. 10:22; Heb. 11:28; Heb. 12:24 en 1 Pet. 1:2 -met betrekking tot die **besprenkeling van bloed**.

DIE DOOP VAN JESUS

Matt. 3:13 Toe het Jesus van Galiléa na die Jordaan, na Johannes gekom **om deur hom gedoop te word**.

{Dit word bereken dat Jesus ongeveer 70 myl ver geloop het om Hom te laat DOOP}

Vers 14: Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe?

Vers 15: Maar **Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.**

Daarna het hy Hom toegelaat.

Vers 16: **En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim**, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.

Jesus het Hom nie laat doop omdat Hy tot bekering gekom het nie, nee dit was glad nie nodig dat Hy gedoop moes word nie. Maar om die mens baie duidelik te laat verstaan **“Dit pas ons om alle geregtigheid te vervul.”** (Sy doop was 'n sinnebeeld, van Sy dood, begrafnis en opstanding)

Luk. 3:21 **En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is**, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan;

Vers 22: en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae.

Vers 23: **En Hy, Jesus, was omtrent DERTIG JAAR oud toe Hy begin leer het;**

JESUS het vir ons die voorbeeld gestel deur HOM te laat ONDERDOMPEL in die Jordaanrivier, **ongeveer 30 jaar oud**. U en ek sal dus eendag **voor 'n groot gedoopte JESUS** staan.

Moses was die sagmoedigste man op aarde [Num. 12:3] Die skrif noem hom ook “die man van God” [Jos.14:6], maar weens **een daad van ongehoorsaamheid** kon hy die beloofde land nie ingaan nie.

DIE DOOP IS ESSENSIEËL. { NOODSAAKLIK !! }

Mark. 1: 4 Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en **die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig**.

Vers 5: En die hele Joodse land en die inwoners van Jerusalem het uitgegaan na hom toe, **en almal is deur hom gedoop in die — Jordaanrivier met belydenis van hulle sondes.**

Joh. 3:23 En Johannes was ook **besig om te doop** in Enon naby Salim, omdat daar baie water was. En die mense het daar gekom en is gedoop.

(Baie water is nodig vir die onderdompelings doop.)

Hand. 8:36 En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: (Filippus) Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?

Vers 37: Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

Vers 38: En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop.

Vers 39: En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus skielik weggevoer, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis.

Joh 13:26 Jesus antwoord: Dit is die een aan wie Ek die stukkie sal gee as Ek dit **ingedoop het**. En toe Hy die stukkie **ingedoop het**, gee Hy dit aan Judas Iskariot, die seun van Simon.

1Sam 14:27 Maar **Jónatan** het nie gehoor toe sy vader die manskappe besweer het nie en het die punt van die staf wat in sy hand was, uitgesteek en dit in 'n heuningkoek gedoop en sy hand aan sy mond gebring, en sy oë het helder geword. \ **Die staf was dus ingedoop.**

DIE DOOP VAN PAULUS !

Hand 9:18 En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop.

Hand. 8:12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, MANNE sowel as VROUE. ('n Sakrament vir volwassenis, nie vir suigeling nie.)

Matt. 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, **en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees**; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Mark. 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. (**Nie net glo nie,**)

1 Pet. 3:20 wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, **siele deur water heen gered is;**

Vers 21: waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus

Luk 7:29 En toe die hele volk en die tollenaars dit hoor, het hulle **God geregverdig DEUR HULLE TE LAAT DOOP** met die doop van Johannes.

Vers 30: Maar die FARISEËRS EN WETGELEERDES het DIE RAAD VAN GOD aangaande hulle VERWERP DEUR HULLE NIE TE LAAT DOOP NIE.

Gal 3:27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. (As u dus nie in Christus gedoop is nie, is u nie met Christus beklee nie. Dus is u geestelik NAAK.)

Rom. 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. (Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.)

Heb. 10:22 laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, **die harte deur besprenkeling gereinig (bloed) van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water (doop van onderdompeling).**

VRAE IN VERBAND MET DIE DOOP.

(a) DIE VERKLARING VAN PAULUS; CHRISTUS het my nie gestuur om te DOOP nie. (1Kor 1:17)

1Kor 1:17 Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie.

Oral waar Paulus die evangelie verkondig het, was die verkondiging van die sakrament ingesluit en ook bedien.

1Kor 1:14 Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, **behalwe Crispus en Gajus,**

1Kor 1:15 sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie.

1Kor 1:16 **Ek het ook nog die huisgesin van Stéfanus gedoop.** Verder weet ek nie of ek iemand anders **gedoop** het nie.

Vergelyk ondergenoemde skriftuurplase !

Hand 16:15 En toe sy (Lidia die purperverkoopster) en haar huisgesin gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: As u oordeel dat ek in die Here glo, kom dan in my huis en bly daar. En sy het ons gedwing.

Hand 16:33 En in dieselfde uur van die nag het hy hulle geneem en hulle wonde gewas, en hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense.

Hand 19:5 En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. (Die dissipels in Efese)

Dit blyk dus duidelik uit bovermelde skrif, dat Paulus die waterdoop, net soos die geloof en bekering, as deel van die evangelie verkondig het.

Wat bedoel Paulus dan deur te verklaar dat hy nie gestuur is om te Doop nie, maar om die evangelie te verkondig ?

Al wat hy bedoel, is dat hy hom in die eerste instansie geroepe voel om te preek { d.w.s. die waarhede in die evangelie vervat soos geloof, bekering, doop, doping met die Heilige Gees, ens te verkondig } en nie die doop eie-handig te bedien nie. Hy het, met ander woorde, gewoonlik sover as moontlik van andere gebruik gemaak om die doop van sy bekeerlinge te bedien, soos dit ook die geval was met Christus. }

Joh 4:1 Toe die Here dan verneem dat die Fariseërs gehoor het dat Jesus meer dissipels maak en doop as Johannes—

Joh 4:2 alhoewel Jesus self nie gedoop het nie, maar sy dissipels— Waar Paulus natuurlik nie anders kon nie, het hy self gedoop, soos wat dit blykbaar was in die gevalle van Chrispus, Gajus en die huisgesin van Stefanus soos reeds genoem. { **1Kor 1:14-16.** }

Die rede waarom Paulus hom geroepe gevoel het om liewer nie self te doop nie, en selfs bly is dat hy in Korinthe so 'n beleid gevolg het, is omdat daar so maklik partyskap ontstaan het.

Volgens:

1Kor 1:11 Want dit is aan my deur die huisgenote van Chloë bekend gemaak aangaande julle, my broeders, dat daar twiste onder julle is.

1Kor 1:12 Ek bedoel dit, dat elkeen van julle sê: Ek is van Paulus, en ek van Apollos, en ek van Céfas, en ek van Christus.

1Kor 1:13 Is Christus verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus gedoop?

1Kor 1:14 Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gajus,

1Kor 1:15 sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie.

1Kor 1:16 Ek het ook nog die huisgesin van Stéfanus gedoop. Verder weet ek nie of ek iemand anders gedoop het nie.

Volgens genoemde skrif het van die bekeerlinge in Korinthe hulle in groepe geskaar agter manne soos Paulus, Apollos en Séfas, en blykbaar omdat hierdie manne hulle gedoop het. Om hierdie partyskap uit die weg te ruim, vermaan Paulus hulle met die volgende woorde: “Is Christus

verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus gedoop? Ek dank my God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Krispus en Gajus, sodat niemand kan se dat ek in my naam gedoop het nie.”

As ons dus die uitsprake van die Woord van God nagaan, en dit in die regte teksverband bestudeer, **kan ons nie anders nie as om te verklaar dat die doop onafskeidbaar aan die evangelie verbonde is — trouens dit is deel van die evangelie.**

(b) DIE KWESSIE VAN OORDOOP !!

Die ware Christelike doop “Onderdompelingsdoop” kan en mag nie herhaal word nie, want die doop spreek van die wedergeboorte wat maar eenmaal in ‘n mens se lewe plaasvind. Laat ons dit net duidelik stel dat alles wat ‘n mens vir die sakrament van die doop laat deurgaen, **allermens die Christelike doop genoem kan word.** Suigelings- besprinkeling is absoluut afwykend van wat Jesus Christus ingestel het en vir ons die voorbeeld was, dat dit nie as die Christelike doop mag aanvaar word nie.

Hebr 6: 1-3 “Ons lê nie weer die fondament van die DOOP nie”

JOHANNES CALVYN: spreek hom baie sterk uit, deur te verklaar: “Inderdaad, die sakrament wat sonder geloof ontvang word, is ‘n verderf van die kerk” (Die institusie van Calvyn. III, p. 330). Dit spreek tog vanself dat ‘n suigeling wat die doop ontvang, onmoontlik geloof by die ontvangs daarvan kan beoefen. { Let wel, dit is nie die ouers wat die doop ontvang nie, en derhalwe is hulle geloof nie hier ter sprake nie.} Dus mag ons nie die onderdompelingsdoop weerhou van iemand wat waarlik tot geloof en bekering gekom het nie, al het hy ook reeds as suigeling die sogenaamde kinderbesprinkeling ondergaan.

Efes 4:5 een Here, een geloof “EEN DOOP”, {ONDERDOMPEL}

Hand 8:12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, **is hulle gedoop, MANNE sowel as VROUE.** (Geen suigelinge nie.)

Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.

{Bogenoemde skrif is ‘n afdaling in die water, ‘n totale insluiting deur die water en die opkom uit die water, is ‘n treffende afbeelding van die sterf, begrawe te wees en op te staan. Dit is wat die doop by wyse van indompeling vir ons afbeeld. Besprinkeling is dus nie alleen ‘n afwyking van die Bybelse gebruik nie, maar is ‘n handeling waarin die hele simboliek van die sakrament van die DOOP ONTBREEK.}

Die **KERK HERVORMER - MARTIN LUTHER** erken dat die onderdompelings doop, indompel beteken. “Volgens die betekenis van die woord behoort elke kandidaat heeltemal in die water ingedompel te word en weer uit die water gehelp te word.” **Werke bl. 319**
JOHANNES CALVYN verklaar dieselfde in Institusies Boek iv hf. 15, 19

PRYS DIE HERE VIR MARTIN LUTHER EN JOHANNES CALVYN, WAT GLO IN DIE BYBELSE MANIER VAN DOOP !!

(c) Met watter doop is julle dan gedoop ??

Hand 19:2 en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.

Hand 19:3 En hy vra hulle: **Met watter doop is julle dan gedoop?**

En hulle antwoord: **Met die doop van Johannes.**

Hand 19:4 Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus.

Hand 19:5 En toe hulle dit hoor, **is hulle gedoop** in die Naam van die Here Jesus.

Hand 19:6 En Paulus het hulle die hande opgelê, **en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeeteer.**

Die waterdoop van Johannes die doper en van Jesus se dissipels het in die laaste drie en 'n halfjaar van die ou verbond geskied en het vooruit gewys na die komende, Messiaanse koninkryk. Die Christelike doop geskied ten tye van die NUWE VERBOND en getuig van ons vereenselwiging met die kruisiging, begrafnis en opstanding van Jesus.

Om die rede is die Ou Verbondgelowiges wat met die doop van Johannes gedoop was, deur Paulus oorgedoop met die Christelike doop volgens bovermelde skrif. (Vers 5)

(d) HET U GEWEET ?

Johannes die doper; Maar Johannes die ongedoopte. **Die Bybel maak geen melding dat Johannes die doper gedoop was nie.** Alhoewel hy baie andere gedoop het, en Jesus ook gedoop het.

Mat 11:10 Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak.

Mat 11:11 Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, **het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as**

hy. = > { Johannes die ongedoopte}

Mat 11:13 Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer.

As ons na die gallery van al die profete kyk , groot profete soos Jesaja, Jeremia, Eségiël, Sagaria en al die ander, was daar GEEN GROTER PROFEET as Johannes die dooper nie, wat die laaste profete onder die ou Verbond was, wat dan die bedeling afgesluit het. Maar hy is terselfdertyd die oorgangs figuur TUSSEN die OU TESTAMENT en die NUWE BEDELING. Die Griekse woordjie “APO” leer vir ons baie duidelik want dit beteken letterlik “WEG VAN” Johannes is dus die profete wat die OU BEDELING AFSLUIT, EN TERSELFDETYD DIE NUWE ERA INLUI. Die doel van Johannes se taak was om Christus aan die volk bekend te stel.

Vers 13 Want al die profete en die wet **het tot op Johannes geprofeteer**

(e) DIE PROSELIEDOOP !!

Mat 21:25 Die doop van Johannes, **waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense?** En hulle het by hulleself geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel—dan sal Hy ons vra: Waarom het julle hom dan nie geglo nie?

Mat 21:26 En as ons sê: Uit mense—dan moet ons oppas vir die menigte, want almal hou Johannes vir ‘n profete.

Mat 21:27 Toe antwoord hulle Jesus en sê: Ons weet nie. Hy sê toe ook vir hulle: Dan vertel Ek julle ook nie deur watter gesag Ek hierdie dinge doen.

Die Here Jesus stel die volgende vraag aan die owerpriesters en ouderlinge : “Die doop van Johannes waar was dit vandaan, uit die Hemel of uit die mense ?” en die antwoord wat veronderstel word, is dat dit uit die Hemel is. As dit ‘n voortsetting van die **proseliedoop is**, of daarop baseer was , dan was die doop van Johannes uit die mense, want die proseliedoop is nie ‘n Bybelse instelling nie maar ‘n menslike.

Nikodemus (Joh 3) wou egter nie na Johannes se woorde luister nie, omdat hy onder andere die onderdompeling geweier het. Hyself was gewoond daaraan om proseliete te maak en te onderdompel.

Mat 23:15 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om **een bekeerling (Proseliet) te maak** **Gr = “Proséluton”**; en as hy dit geword het, maak julle hom ‘n kind van die hel, twee maal erger as julle self.

Volgens bogenoemde skrif waar Jesus praat van “**Bekering**”, wat in die

Griekse taal, 'n "**Proséluton**" is. "hena proséluton" wat "een proseliet" beteken.

Proselietedoop is om heidense nasies tot die Joodse geloof te bekeer, en moet dan die proselietedoop ondergaan. Jou fisies te laat besny, offers te bring na die tempel, die wet te onderhou en Jesus te verwerp.

Die doel van die proselietedoop dan is nie om jou sondes vergewe te kry nie, maar om ingelyf te word by die Jode. Jy aanvaar met ander woorde alles van die Joodse Godsdien. En verwerp die Nuwe Verbond.

(f) WAT VAN MY VOOROUERS ?

U vra: Wat van my voorouers, hulle was nie by wyse van onderdompeling gedoop nie, wil u sê dat hulle nou verlore is? En wat van die Voortrekkers?

Die onderdompelingsdoop was 'n bevel van Jesus 2000 jaar gelede na Sy kruisiging en Opstanding. (Sy kruisiging Mat 27)

Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, **en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees**; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

God het dan die tye van onkunde oorgesien !

Hand 17:30 **God het dan die tye van onkunde oorgesien** en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,

Hand 17:31 omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.

Die reddende Genade van God !

Tit 2:11 Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn

Tit 2:12 en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,

Hand 20:27 Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.

(g) DIE DWALING DAT DIE WATER, DIE WATER VAN DIE NATUURLIKE GEBOORTE IS.

Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, **as iemand nie weer gebore word nie**, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

Joh 3:4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore

word? **Hy kan tog nie ‘n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?**

Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word **uit water en Gees nie**, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Vers 5: Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit “WATER en GEES nie,” (GR = EX HUDATOS KAI PNEUMATOS) = WATER IN RIVIERE, FONTEINE ens) kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. ‘n Geboorte, volgens Jesus, nie net uit Gees nie, maar WATER en GEES. M.a.w. dat iemand tot bekering moet kom, in water onderdompel moet word, en ook die Heilige Gees deelagtig moet word.

Nikodemus het geweet dat hier nie van ‘n FISIESE OF NATUURLIKE geboorte sprake kon wees nie, alhoewel hy baie **proseliete gedoop het, maar die doop van Johannes verwerp het.** HUDATOS = WATER IN RIVIERE, FONTEINE ens. { **Die Griekse woord vir VRUGWATER = “αμνιακό υγρό” wat nie** in bogenoemde skrif voorkom nie, en genoemde dwaling totaal weerlê. } (Engels is “amniotic fluid”)

(h) WAT VAN DIE ROWER AAN DIE KRUIS ?

‘n Grashalm wat so baie aan vasgryp. Naamlik, wat van die rower aan die kruis wat dan nie geonderdompel was nie. Dus word die sakrament van die doop as onnodig bestempel.

Die antwoord : Die rower aan die kruis langs die Seun van God **Mat 27.** In **Mat 28:19** na die kruisiging word die bevel vir eerste keer uitgevaardig deur Jesus self, dat ons gedoop moet word.

Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, **en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;** en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

{ **Die rower aan die kruis het dus onder die wet gesterwe; VOOR DIE OPSTANDING VAN JESUS UIT DIE GRAF** } Hy het dus saam met Jesus neergedaal na die paradys afdeling in die buik van die aarde, en was saam met Jesus opgewek op die derde dag volgens **Mat 27:51 tot 53 !!** (Die ou testamentiese heiliges se grafte het oopgeskeur)

GEBOOIE VAN MENSE.

Matt. 15:9 Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer **wat gebooie van mense is.**

Mat 22:29 Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie.

Spr 30:6 Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as 'n leuenaar openbaar word nie.

(i) DAT DIE WATER IN Joh 3-3,5 DIE “WOORD” IS !!

Jesus het met die woordjie water nie die “WOORD” bedoel nie !
In Grieks is daar 4 Griekse woorde wat in die betekenis van ”WOORD” gebruik word.

(1) “LOGOS” kom 330 maal in die Griekse Nuwe Testament van 137,490 woorde voor.

(2) “RĒMA” kom 68 maal voor.

(3) “ONOMA” kom 231 maal voor.

(4) “EPOS” kom slegs 1 maal.

Bogenoemde 4 Griekse woorde het dan verskillende betekenis wat in verskillende kontekse gebruik word, wat nie in Joh 3 genoem word nie.

DRIE GETUIES

1 Joh. 5:8 en daar is drie wat getuig op die aarde: **die Gees en die water en die bloed**, en die drie is eenstemmig.

- (1) Die **Gees** getuig van sonde, geregtigheid en oordeel.
- (2) Die [**water Gr = Hudatos**] getuig van die begrafnis van die ou lewe.
- (3) Die **bloed** getuig van reiniging.

- (a) Dra u 'n getuie van die **Gees**?
- (b) Dra u 'n getuie van die **water**? [Onderdompelings doop.]
- (c) Dra u 'n getuie van die **bloed**? [Bekering en sondebelydenis.]

WAAR KOM BESPRINKELING DAN VANDAAN?

Met die oog op die klimaat in koue landstreek, is die besprinkeling gewettig deur die Raad van Ravenna in die jaar 1311 NC.

God se Woord is onherroeplik. Daar kan niks weggelaat of bygevoeg word nie. **Die eerste slotsom waatoe ons kom, is dat die suigelingsdoop ontstaan het toe afgewyk is van die Bybelse leer oor die doop**, en hierdie sakrament 'n selfwerkende krag gemaak is wat op magiese wyse die genade aan mense meedeel

TIEN VRAE OOR KINDERBESPRINKELING.

- (1) Wys een teks in die Bybel waarin Jesus sê ons moet suigelinge besprinkel.
- (2) Wys een teks wat sê Jesus het die besprinkeling van suigelinge toegepas.

- (3) Wys een teks waar Jesus ooit van die besprinkeling van suigeling gepraat het.
- (4) Wys een teks waarin die Apostels bevel gegee het dat suigeling besprinkel moet word.
- (5) Wys een teks wat sê dat die doop deur onderdompeling verander was na die besprinkeling van suigeling.
- (6) Wys een teks wat verklaar dat ons die suigeling moet laat besprinkel, anders gaan hulle verlore.
- (7) Wys een teks wat sê dat die besprinkeling van suigeling in die plek van die besnydenis gekom het.
- (8) Wys een teks wat sê dat die besprinkeling enigiets met naam gee te doen het.
- (9) Wys een teks waarin melding gemaak word van twee maniere van doop. **Efes. 4:5** een Here, een geloof **een doop**,
- (10) Wys een teks dat die besprinkeling van suigeling net so goed is as die onderdompeling van die gelowige.

TIEN FEITE OMTRENT DIE ONDERDOMPELINGS DOOP.

- (1) Jesus was gedoop deur onderdompeling. (Matt. 3:13-17)
- (2) Jesus was 30 jaar oud toe Hy gedoop was. (Luk. 3:21-22)
- (3) Die doop van die gelowige is die Raad van God. (Luk. 7:29-30)
- (4) Die doop is 'n instelling van God uit die Hemel. (Mark. 11:30)
- (5) Jesus het verklaar: "so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul." (Matt. 3:15.)
- (6) Die doop is 'n bevel van God. (Matt. 28:19)
- (7) Die Bybel se kwalifikasie om gedoop te word, is GELOOF en BEKERING. (Matt. 28:19; Mark. 16:16.)
- (8) Die doop is 'n Bybelse voorwaarde vir verlossing en van die doping in die Heilige Gees. (Hand. 2:38; Mark 16:16.)
- (9) Die doop (onderdompeling) is 'n simbool van die begrafnis van die ou mens van sonde en die opstanding in 'n nuwe lewe. (Rom. 6:4; Kol. 2:12.)
- (10) Die doop is 'n vraag aan God om 'n goeie gewete. (1 Pet, 3:21.)

DIE EGTE OF VALSE !

'n Egte en suiwer diamant kan nie nagmaak word nie. Die wetenskap het daarin geslaag om 'n kunsdiamant te maak wat amper net so mooi soos die egte een is. Sodra die lig egter vanaf die regte posisie daarop val, kan die valsheid en onegtheid daarvan geopenbaar word deur 'n dowwe skaduwee in die middel daarvan.

Die moderne kinderbesprinkeling word deur geleerdes geslyp en gepoleer en vir die onkundige persoon voorgehou as die egte, of net so goed as die egte doop. As die lig van God egter op hierdie kuns-sakrament val, kan

die donker skaduwee van misleiding daarin gesien word, en dit openbaar die valsheid daarvan.

Hoe predikers van hierdie dwaallering eendag die misleide siele in die oë sal kyk, en by God sal verbykom, sal net die ewigheid openbaar.

Omdat kinderbesprinkeling geheel en al onbybels is, is dit dus betekenisloos en besit geen waarde by die Here nie.

Iemand wat nie op dieselfde wyse as Christus (in die Jordaan), gedoop is nie, [**Matt. 3:13-17**] is dus onweergebore, al was hy/sy as suigeling besprinkel. [**Mark. 16:16** Hy wat **glo en hom laat doop, sal gered word**; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.] [**Jak. 2:20** Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?

Vers:17 Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.]

VALSE LERAARS

2 Tim. 4:3 want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle **die gesonde leer nie sal verdra nie**, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars [predikers] sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,

Vers 4: en die oor sal **afkeer van die waarheid** en hulle sal wend tot fabels.

Vers 5: Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening.

WEDERGEBOORTE is **GOD** se **VEREISTE** vir toegang tot **Sy koninkryk**.

Joh. 3:3 **Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.**

Vers 5: Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word **uit water [Grieks = Ex Hudatos en Gees = Kai Pneumatos]** nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Hand 22:16 En nou, waarom versuim jy? Staan op, **laat jou doop en jou sondes afwas**, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.

{ Die doop stel die verlossing van sonde nie alleen as 'n afsterwe voor nie, maar ook as 'n reiniging, 'n afwassing. **Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas**, terwyl jy die Naam van die Here aanroep. Soos wat die hele liggaam deur die indoping in water gereinig word, so word ons deur die soendood van Christus en die vernuwende werking van die Heilige Gees, volkome van sonde gereinig. }

DEUR JOU NIE TE LAAT DOOP NIE, WEIER JY !!

- (1) Die raad van God. (Luk 7:30)
- (1) Die Geregtheid van God. (Mat 3:15)
- (2) Die eerste opstanding. (Rom 6:5)
- (3) Die Koninkryk van God. (Joh 3:3,5)
- (4) Dat die Bloed jou reinig. (Mark 1:4-5 & Hand 2:38)
- (5) Jy weier n' goeie gewete. (1 Pet 3:21)
- (6) Om jou te vereenselwig met Sy dood en opstanding. (Rom 6:4-5)
- (8) Die bevel van God. (Mat 28:19 & Hand 2:38)
- (9) Die begrafnis van die ou mens. (Rom 6:4 & Kol 2:12)
- (10) Om jou te laat red. (Mark 16:16 & 1 Pet 3:20-21 & Tit 3:5)
- (11) Om jou te laat beklee. (Gal 3:27)

GOD SE WOORD GAAN U OORDEEL !

Daar kom 'n welaangename tyd dat God jou roep om jou te bekeer en jou te laat doop. Omdat u die Gees van God teleurgestel, bedroef en uitgeblus het. Sal Hy jou oorgee aan die verharding van jou hart omdat u die kennis van die waarheid, nie wou aanneem om gered te word nie.

Rom 1:18 Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,

Rom 1:21 omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.

Rom 1:24 (a) **Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee**

Joh. 12:48 **Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.**

Hand. 22:16 En nou, waarom versuim jy? **Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas,** terwyl jy die Naam van die Here aanroep.

Hand 8:12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, **is hulle gedoop, MANNE sowel as VROUE.**

['n Sakrament slegs vir VOLWASSENES.]

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en **daarna die oordeel,**

SKRIFTUURPLASE

BEKERING

Rom. 2:4
Rom. 3:21-23
Rom. 6:23
Rom. 10:8-13
1 Tim 2:3-6
Matt. 11:28
Jes. 1:18
Jes. 55:1-8
Luk. 5:32
Hand. 2:37-38
Hand. 3:19
Hand. 17:30-31
Joh. 1:2
Joh. 3:3-5
Joh. 16:36
Esegiël 18:19-21, 27-32
Esegiël 33:11
1 Joh 1:8-10
Heb. 10:26-31

DOOP

Matt. 28:19
Matt. 3:6-8 , 11, 15-16
Mark. 16:15 & 16
Rom. 10:17
Luk. 7:29-30
Joh. 3:3-5
1 Pet. 3:21
Hand. 8:12, 35-39
Hand. 2:37-41
Hand. 16:30-34
Hand. 18:8
Hand. 19:2-5
Hand. 22:16
Titus 3:5
Rom. 6:4
Kol. 2:11 & 12
Joh. 3:22 & 23
Mark. 1:4-5, 10
Luk. 3:21-22

DIE EWIGE HEL

Matt. 25:41 & 46
Matt. 18:8-9
Matt. 5:28-29
Matt. 10:28
Matt. 8:12
Mark. 9:43-48
Luk. 12:4,5
Luk. 16:19-28
Jes. 66:24
Dan. 12:2
Openb. 14:9-11
Openb. 20:11-15
Openb. 21:8
Openb. 22:15
2 Thes. 1:8-9

Bronnelys:

Past Jannie Corneluis. Federale Voorsitter (PPK)
Prof Johan Ras.
Dr FP Mõller. President (AGS)





DIE GEVAAR VAN ONGEHOORSAAMHEID:

Joh. 3:36
Joh. 12:48
Heb. 10:29-31
Heb. 3:18
Heb. 2:3
Titus 1:16
2 Thes 1:8-9
Jak. 4:17
Jak. 2:14 & 26

Hand. 17:11 (b) hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en ELKE DAG DIE SKRIFTE ondersoek of hierdie dinge so was. (Die mense van Beréa)

Matt. 22:29 Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Julle dwaal, omdat julle die SKRIFTE NIE KEN NIE en ook nie die krag van God nie.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

DIE DEUR KAN SLEGS VAN DIE BINNEKANT AF OOPGEMAAK WORD.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar ‘n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook ‘n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12(b) — **maak jou klaar om jou God te ontmoet, ...**

Opb 22:12 EN KYK, EK KOM GOU, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. “**MARANATA**” = KOM HERE JESUS!

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

